**Wie in My glo, sal nog groter dinge as dit doen**

**Joh 14:4-14**

**2 November 2025**

1. Vantevore: In die bovertrek het die Here Jesus Sy dissipels geleer dat Hy vir hulle plek sal voorberei in Sy Vader se huis. Sy Vader se huis bestaan uit ware gelowiges wat Hy voorberei as stene in die vaste gebou in die hemel (2 Kor 5:1), wat ook die nuwe Jerusalem sal wees met Sy terugkoms. Wanneer Hy terugkom sal Hy hulle na Hom toe neem
2. Ek is die weg en die waarheid en die lewe (Joh 14:6)
    a. Die Here Jesus leer die dissipels hulle ken die weg na die plek waarheen Hy gaan (v4)
    b. Thomas redeneer hulle weet nie waar Hy gaan nie, en ken dus nie die weg nie (v5)
    c. Die Here Jesus antwoord Hy gaan na die Vader, en hulle moet deur Hom na die Vader gaan (v6b) – Hy is die weg en die waarheid en die lewe (v6a)
        i. Lewe: Hy is bron van fisiese en ewige lewe (Joh 1:4, 5:26, 11:25-26)
        ii. Waarheid: Harmonie tussen Sy optrede/lering en Sy Wese
            - Hy is die waarheid dat Hy die lewe is
            - Hy maak die Vader waarlik bekend (Joh 1:18, 5:19, 14:10)
        iii. Weg: Geloof in die Here Jesus lei na die Vader en die lewe (vgl Heb 10:19 ev)
3. Ek is in die Vader en die Vader is in My (Joh 14:10, 11)
    a. Die dissipels het tot dusver al iets van die Vader gesien, maar van nou af sal hulle die Vader sien soos nog nooit tevore nie (v7)
    b. Filippus wil eerder die Vader direk sien, nie deur die Here Jesus nie (v8)
    c. Die Here Jesus is in die Vader, en die Vader is in Hom – verskillende Persone met verskillende rolle, en tog een in Wese (v9-10)
    d. Die werke van die Here Jesus openbaar die Here Jesus en die Vader (v11)
4. Wie in My glo, sal ook die werke doen wat Ek doen, en hy sal nog groter dinge as dit doen (Joh 14:12)
    a. Die Here Jesus gee ‘n belofte met 4 belangrike aspekte (v12):
        i. Die belofte is beperk tot Christen gelowiges
        ii. Gelowiges sal ook doen wat die Here Jesus doen
            - Jesus doen wat die Vader doen, dus gelowiges ook
            - Moet mekaar se voete was (Joh 13:14-15), moet mekaar liefhê (Joh 13:34-35), die woorde van die Vader spreek (Joh 14:10), wonderwerke doen (in ‘n sekere sin) (Hand 5:12, 15-16)
        iii. Gelowiges gaan selfs groter werke doen as die Here Jesus
            - Is “groter werke” meer werke? Of meer indrukwekkend?
        iv. Omdat Ek na die Vader gaan – die rede waarom gelowiges groter werke sal doen
    b. Twee tekste is nodig om die belofte behoorlik te verstaan:
        i. Joh 5:20-22 – die Vader gaan aan die Here Jesus nog groter dinge wys: Hy gaan geestelike lewe bewerk en oordeel – dit sal realiseer wanneer die Here Jesus na die Vader gaan
        ii. Joh 14:20 – Gelowiges is in die Here Jesus – deur geloof
    c. Die Here Jesus se wonderwerke het gewys na Sy werk om geestelike lewe te wek. Na Hy dit bewerk het, gebruik Hy gelowiges om geestelike lewe aan mense te bied – dit is groter as om Lasarus fisies uit die dood op te wek
    d. Gelowiges moet dit biddend in afhanklikheid saam met die Here Jesus doen (v13-14)